# Linda-Marie van der Merwe neé Meyer





Sjoe, ja die lewe loop wye draaie met n mens . Ons het almal "bright eyed buchy tailed" matriek geslaag , met of sonder onderskeidings om die lewe aan te durf.

Ek is Tuks toe om onderwys te studeer en huishoudkunde en biologie was my "go to" vakke.

Nadat ek klaar gestudeer het (met n paar her-eksamens het ek onder andere by Affies skoolgehou. Vir 2 jaar ook in die meisieskoshuis diens gedoen !!! Oooeeee.......al daardie peanut butter en appelkooskonfyt broodjies het lekker saamgepak ! Ek is op 25 getroud en het 2 seuns uit die huwelik. Martin en Regardt. Hulle is my lewe !!! Martin is n finansieële beplanner. Doen langtermyn beplanning en ook boedels. Regardt is n wildbewaarder.

Kinders sit mens deur jou passies né. Maar ek glo almal sal saam stem. Mens verruil dit vir niks . Ek het seker 2 jaar uitgehou in die onderwys en verander toe van beroep.

En toe gebeur die onverwagte , ek besluit om vir my broer te gaan werk . Hy het n krisis gehad met personeel. Ek het besluit ek is net die mens om hom te help !!

En daar het 24 jaar in die apteek begin . Dit was nie altyd maklik om vir familie te werk nie , maar ek het elke oomblik geniet. Na my broer se aftrede het ek vir nog 2 jaar aangebly.





Gedurende die 2 jaar het ek my man ontmoet en die liefde het weer geblom. Ons het gedurende Covid n huis in Mosselbaai gekoop , sommer so op die internet !!! Ons woon baie lekker en was nog nooit spyt nie.  Ons is in 2022 getroud . Ons albei se 2e huwelike. Ek werk nogsteeds voltyds in n apteek !!!

Groete , Linda


